

29 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 11:1-24

Deur Johannes die Doper se twyfel word Jesus geopenbaar

Johannes die Doper, die wegbereider vir ons Here Jesus Christus laat vra vir Jesus of Hy die Een is wat sou kom. Is Jesus dié Een wat die volk moet verlos? Is Jesus dié Een wat as Koning moet kom? Waar is die prag en praal en die mooi klere en die swaard? Hy hoor net van 'n man wat in armoede deur die land trek. Jesus antwoord deur aan te haal uit Jes 29:18; 35:5-6. Sy antwoord is die voorspelling uit Jesaja wat in vervulling gaan. Johannes twyfel nie asof hy nie glo nie, maar hy wil seker maak dat Jesus die Messias is.

Johannes is die Elia van wie Maleagi profeteer in 3:1; 4:5. Johannes het nie die voorreg gehad om Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart te belewe nie. In daardie sin is hy nie so bevoorreg soos die Christene wat geleef het en die volheid van Jesus Christus se ampswerk op aarde beleef het, of die getuienis daarvan gehoor en gesien het nie. Nogtans het hy met krag en genade gedoop en Jesus Christus verkondig en só, tot met sy dood, die weg vir ons Here Jesus Christus voorberei.

Maar Jesus verwyt ook die stede waar Hy self groot wonderdade gedoen het en waar die mense nie tot bekering gekom het nie. Hy vergelyk dit met Sodom wat met vuur en swael verwoes is en vir wie dit in die oordeelsdag draagliker sal wees as vir Kapernaum waar Jesus gewoon en gewerk het.

Bly onvoorwaardelik glo in Jesus Christus as ons Messias. Bly bid vir die genade van die Heilige Gees. Bid vir God se genade aan elkeen van ons in ons kleingelowigheid.

Sing: Skrifberyming 8:1

Ds GS Kruger (Centurion)